

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 113**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# ***IN DIE BESKULDIGDEBANK***

U was seker al in 'n hof as toeskouer. Daar staan die beskuldigde. Dankie tog, ek staan nie in sy skoene nie. Miskien was u self al in die beskuldigdebank weens 'n verkeersoortreding of so iets. Dan kan u makliker die verskil aanvoel tussen toeskouer en beskuldigde.

Die toeskouer voel nie die aanklag so aan sy lyf soos die beskuldigde nie. Hy hoor die aanklag. Hy ken die aanklag miskien haarfyn in besonderhede, maar dit raak hom nie. Hy is slegs 'n toeskouer. Hy staan buite.

Weet u, baie mense voel net soos 'n toeskouer in die hof wanneer dit gaan oor die sondeval en skuld voor God. Dit is Adam en Eva wat gesondig, geval het, skuldig staan. Maar ek staan buite! Wat maak Adam en Eva se sonde en val aan my? Dit is mos baie onregverdig om te beweer dat Adam en Eva se skuld my ook skuldig maak. Nee, ek staan buite.

## **U staan nie buite nie**

U staan nie buite nie. U is nie slegs 'n toeskouer nie. U is 'n beskuldigde! Alle mense is beskuldigdes! Voor God staan alle mense in die beskuldigdebank. Die sonde in die paradys deur Adam en Eva stel elke mens, wat op die aarde leef, skuldig voor God. Ook vir u.

Hoe? Adam en Eva is u familie — dit is u self! Hulle is immers ons eerste voorouers. In hulle is alle mense wat uit hulle gebore is, inbegrepe. Wat vir hulle geld, geld vir alle mense wat uit hulle gebore word. Dit geld ook vir u!

Ons eerste voorouers was in heerlikheid geskape — sonder sonde, maar deur die bose lis van satan het hulle besluit om moedswillig ongehoorsaam te wees en God se straf, uitgespreek nog vóór die val, was onafwendbaar. Dit is die dood! Nie net liggaamlik nie, maar ook geestelik. Elke mens wat gebore word, word nou as 'n geestelik-dooie mens gebore. Of anders gestel: ons word, soos Dawid gesê het, in sonde ontvang en gebore. (Ps. 51:7).

U kan dus nie so maklik van die klem van hierdie skuld af wegkom deur te dink Adam en Eva is alleen die beskuldigdes en ek is slegs die toeskouer nie. Nee, u en alle mense staan self in die beskuldigdebank. Ook u het die sonde van die paradys gedoen. En tog hoef dit u nie pessimisties te maak nie.

Het u al gehoor van iemand wat glad nie in die hofsak betrokke is nie, en tog na die beskuldigde kom en sê: ek sal jou straf dra? Eintlik is so iets ongehoord. Tog is dit presies wat Jesus Christus, die Seun van God, vir jou gedoen het. Hy het die "ongehoorde" gedoen. Hy het jou skuld en straf op Hom geneem en moes die vloekdood van die kruis daarvoor sterf.

U hoef nie die straf te dra nie.

U kan ook nie.

Wat van u gevra word, is: GELOOF!

**Ds. P. J. J. van der Walt.**

# Die belewing van my sondeskuld is skraal

U sê u ken nie juis so iets soos belewing van u skuld voor God nie. U sê dit is ook nie vir u nodig nie, want u is tog nie so 'n groot sondaar nie. U lewe mos nie in een of ander growwe sonde nie. Die sondetjies wat u doen, is nie so erg nie en van nature is u goed. Wat u wel verkeerd doen, is maar net as gevolg van omgewingsinvloede.

## Jy ken nie jousef nie

As u so redeneer en glo, dan ken u nog nie uself nie. Dan het u nog nooit in diepe erns voor die spieël van die wet van God gestaan nie. As u in alle erns voor daardie spieël gaan staan, sal u u eie sonde en ellende sien. Dan sal u sien dat u niks beter as die moordenaar, die dief en hoereerder is nie.

## Belewenis en belydenis

U het seker al geles van die lewe van Dawid: hoe hy hom skuldig gemaak het aan owerspel en moord.

Die tragiese is dat hy vir 'n geruime tyd na die sondedade sy sonde verswyg en probeer bedek het... reg gekry om te bedek, omdat die belewing nie intens genoeg was nie. Eers nadat die profeet Natan hom op sy sonde gewys het, het die intense belewing gekom. (2 Sam. 12:7).

Dan begin hy bely:

"Want ek ken my oortredinge en my sonde is altyddeur voor my."(Ps. 51:5). "Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang."( Ps. 51:7).

Dan begin hy om hulp te roep.

"Wees my barmhartig, o God..." (Ps. 51:3).

## So lyk u en ek ook

Ons is in sonde ontvang en gebore. Ons besit 'n verdorwenheid van die hele natuur waarmee die klein kindertjies selfs in die moederskoot besmet is en wat allerhande sondes voortbring. Ons sondes is nie net omgewingsinvloede nie!

Ons is oortreders van al die gebooie van God, want dit is nie net met dade nie, maar ook met woorde en gedagtes wat ons sondig. (Lees Mat. 5:28, en Vr. 105, 106, 109 van die Heidelbergse Kategismus).

Ons oortree ook met daardie sondes wat ons te gering ag om daarvoor bekommerd te wees. Lees gerus artikel 37 van die Nederlandse Geloofsbelydenis:

Op die dag van die wederkoms van Jesus Christus:

"Die mense sal rekenskap moet gee van elke ydel woord wat hulle gepraat het — iets wat die wêreld vir niks anders as kinderspel en tydverdryf beskou het nie."

## Dink u nog...?

Dink u nog dat u lewe en u sonde nie sodanig is dat u dit gedurig hoef te belewe nie? Voel u nou die grootheid van u sonde en om in u sondenood te roep tot God? Die heerlike is dat dit geen wanhoopskreet hoef te wees nie. Dit sal nie tevergeefs wees nie. Wie in sy sondenood tot die Here roep, sal genade vind.

"As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig." (1 Joh. 1:9).

En dit omdat Christus vir ons sondes aan die kruis gesterf het.

**Ds. G. J. v. S. Roos.**

**VOEL U VER VAN GOD VERWYDER?**

Maar ek is altyddeur by U;  
U het my regterhand gevat.  
U sal my lei deur u raad en my daarna  
in heerlijkheid opneem.  
Wie het ek buiten U in die hemel?  
Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie.  
Al beswyk my vlees en my hart —  
God is die rots van my hart en my  
deel tot in ewigheid.

— **Psalm 73:23-26.**

**O GOD, SO MET MY LOT BEGAAN**

Ek wil U prys my lewe lank,  
my hande ophef en u dank.  
Want, soos met vettigheid, sal weer  
my siel versadig word, o Heer!  
My mond sal jubelend U noem,  
my lippe hoog u weldaad roem  
wanneer die aarde in nag versink —  
dan sal ek peinsend aan U dink.

U was o God. 'n hulp vir my.  
U het u vleuels uitgesprei  
om met beskerming my te dek  
en jubels in my hart te wek.  
O God, só met my lot begaan,  
hoe kleef my siel U agteraan!  
Vertrouensvol op u geleun,  
voel 'k hoe u hand my ondersteun.

**Ps. 63:3 en 4 (berymd)**

**WAT GLO JY VAN DIE VERGEWING VAN SONDES?**

**Antw.** Dat God ter wille van die voldoening van Christus aan al my sondes, ook my sondige aard waarteen ek my hele lewe lank moet stry (a), nooit meer wil gedenk nie, maar my uit genade die geregtigheid van Christus wil skenk (b), sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie (c).

(a) I Joh. 2:2; 1:7; II Kor. 5:19. (b) Rom. 7:23 — 25; Jer. 31:34; Miga 7:19; Ps. 103:3, 10, 12. (c) Joh. 3:18; 5:24.

(Vraag 56 van die Heidelbergse Kategismus)

# *Stel jou eenmaal voor dat jy . . .*

- MAANDAG** sou geëet het van die verbode vrug, soos Adam en Eva;
- DINSDAG** jou broer doodgeslaan het, soos Kain;
- WOENSDAG** jou eie vader sou bedrieg het, soos Jakob;
- DONDERDAG** die vrou van 'n ander geneem het, soos Dawid;
- VRYDAG** die Here Jesus verloën het, soos Petrus;
- SATERDAG** die gemeente van God vervolg het, soos Paulus en dat jy
- SONDAG** na God sou gaan en jou knieë buig op Golgota, sou daar nog vir jou vergewing wees? <sup>1</sup>

Deur die eeue het baie mense gesê dat hulle skuld só ontsettend groot is dat daar geen kans vir vergewing is nie.

'n Treffende voorbeeld is Maarten Luther wat as gevolg daarvan geweldige "aanvalle van droefheid" (depressie) gehad het.

'n Mens kan dit nie net afmaak deur te sê dat hy geestelik nie heeltemal "reg" was nie. 'n Man met so 'n geweldige en gereelde geestelike werkkrag is nie 'n pasiënt nie. Wie van ons is só "reg" om sommer ander as nie "reg" nie te brandmerk?

Natuurlik het sy opvoeding, omgewing en tyd 'n rol gespeel. As kind is hy getref deur 'n afbeelding van Christus as Regter van die wêreld. Uit sy regteroor het 'n lelie geblom en daaronder het die verlostes aan die hand van engele na die paradys gewandel. Uit sy linkeroor het 'n swaard regop gestee as teken van die oordeel vir almal wat teen Hom was. Hulle word deur die duiwels by die hare uit die graftes getrek en reguit in die vlamme van die hel gegooi. Depressie: is ek aan die regter- of aan die linkerkant?

Sy sondes is tog te groot. Daarna vlug hy na die klooster om deur daardie offer seker te wees van sy saligheid. Daarom probeer hy om sy sondes self uit sy liggaam uit te moker — "ek het myself amper doodgemartel... tevergeefs." Daarom het hy gevas, nagte gewaak, gebed, gelees... tevergeefs.

Die antwoord wat hy eindelijk op sy soeke ontvang het, staan in die brief van Paulus aan die Romeine, hoofstuk 1 vers 17: "maar die regverdige sal uit die geloof lewe." Luther het ontdek dat geregtigheid nie is wat God van die mens eis nie, maar dat God aan die mens, wat sy sondes bely en skuiling by Jesus soek, die regverdigheid verniet gee.

Hy het besef dat selfs sy een-en-twintig heiliges — hy het elke dag drie aanbid het om elkeen eenkeer per week 'n beurt te gee — hom niks kon help nie. Hulle het die pad na God versper.

Soos ons, kon hy slegs na daardie Jesus gaan wat gesê het: "Jou sondes is jou vergewe, staan op en loop!" Hy wat uitgeroep het: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!" Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: "Strome van lewende water sal uit sy binneste vloei!"

Al is u sondes meer as die van alle Bybelfigure saam, dan is die offer van Jesus groot genoeg om al u sondes te versoen! Jesus het nie verniet gesterf nie!

## **W. Ten Haaf.**

---

<sup>1</sup> Met erkenning aan O. de Jager

# DIE SEËN VAN SKULDVERGIFNIS

'n Psalm van Dawid; 'n onderwysing.

Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die Here die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie.

Toe ek geswyg het, het my gebeente uitgeteer in my gebrul die hele dag; want u hand was dag en nag swaar op my; my murg het verander soos deur somerdroogtes. Sela.

My sonde het ek U bekend gemaak, en my ongeregtigheid het ek nie bedek nie. Ek het gesê: Ek wil aan die Here my oortredinge bely; en U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe. Sela.

Daarom sal elke vrome U aanbid in 'n tyd as U te vinde is; ja by 'n oorstroming van groot waters sal hulle nie aan hom raak nie.

U is 'n skuilplek vir my; U bewaar my vir benoudheid; U omring my met vrolike gesange van bevryding. Sela.

Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.

Wees nie soos 'n perd, soos 'n muilesel wat geen verstand het nie, wat 'n mens moet tem met toom en teuel as sy tuig, anders kom hy nie naby jou nie.

Wees bly in die Here en juig, o regverdiges! En jubel. Alle opregtes van hart!

**Psalm 32.**

# **DIE VERBAND TUSSEN SKULD EN STRAF**

MET skreeuende remme probeer die man agter die stuurwiel tevergeefs om 'n botsing met die voertuig, wat oor die rooilig gejaag kom, te vermy.

Skaars is die slag van die botsing, die aaklige geskeur van staal en die geluid van versplinterde glas verby, of die wêreld lyk soos 'n oopgekrapte miernes.

Terwyl die polisie en ambulans met hulle bloedstollende waarskuwingsein aangejaag kom, drom 'n nuuskierige skare om die verwronge motorwrakke saam waar kundiges eerstehulp probeer toepas.

"Dis nie my skuld nie! Dis nie my skuld nie!" prewel die man agter die stuurwiel floutjies in 'n geskokte toestand.

By die ander motor sukkel hulle om die slap liggaam van die bewustelose bestuurder, wat so roekeloos die verkeerslig verontagsaam het, uit sy voertuig te bevry.

Tuis is die dierbares van die twee manne nog onbewus van die ongeluk met sy droewige gevolge: Onherstelbare skade aan die motors, geldelike verlies, ernstige beserings en dalk permanente verminking, maande in die hospitaal, bittere lyding en smart en uiteindelik miskien... die dood!

Wanneer so iets gebeur, vermenigvuldig die vrae in jou hart: Waarom? Wie se skuld is dit? Word 'n mens so gestraf vir een of ander sonde wat jy gedoen het? Bring die oortreding van 'n wet vanself sy straf mee, sodat, as jy jou skuldig maak aan 'n oortreding, "jou sonde jou inhaal"? Is daar 'n verband tussen skuld en straf?

## **Nie alle swaarkry is straf op bepaalde sonde nie**

Kom ons keer terug na die ongelukstoneel waar die omstanders nog in druk gesprek verkeer. Hulle probeer die omstandighede van die ongeluk rekonstrueer om daaruit vas te stel wie se skuld dit is.

Vir ons staan dit vas dat die roekelose jaer wat die verkeerslig verontagsaam het, skuldig is. Sy skade en beserings en die lyde wat dit vir hom inhou, is die direkte straf wat voortvloei uit sy sonde teen die verkeerswette.

Maar die ander motoris? Die arme man wat niksvermoedend, binne sy reg, die straatkruising genader het?

Hy het dieselfde skade, beserings en ongekende lyde — miskien selfs nog erger as die ander man — en dit sonder enige skuld.

Hieruit volg 'n grondwaarheid: Nie ALLE swaarkry, lyde, ellende, selfs tot die dood toe, is die STRAF op 'n bepaalde sonde van my nie. Die SKULD maak die LYDE tot STRAF. Lyde dien in die genadige hand van God tot straf, MAAR ook tot beproewing, tugtiging en onderwysing.

## **Hartseer gevolg van die sonde**

Ongelukke en ander smartlike belewenisse in ons menslike samelewing is die droewe gevolg van die sonde van die eerste mensepaar in die paradys. Nie straffeloos het die HERE God gesê:

"Die dag as julle daarvan eet, sal julle sekerlik sterf".

Dit is as gevolg van die sondegebrokenheid dat daar soveel ellende rondom ons is. Aan hierdie skuld teenoor die Here staan alle mense bloot. Daarom kan 'n man "onskuldig" in 'n motorbotsing ernstige beserings opdoen, ly en sterf.

Maar daarom ook is die vriende van Job en die Fariseërs uit die Bybelse dae verkeerd as hulle swaarkry en ellende aan 'n spesifieke groot en sware sonde wil toeskryf. (Lees Job en ook Luk. 13:4 en Joh. 9:1).

Omdat God deur die bloed van sy eniggebore Seun ons sondeskuld weggeneem het — dit wil sê die straf op ons sonde laat neerkom het op Jesus Christus — kom ons lyde in 'n ander lig te staan, word dit loutering en beproewing van ons geloof, dien dit tot tugtiging en onderwysing.

So gesien, word die evangelie vir ons 'n helder stralebaan en kry Paulus se brief aan die Romeine (Hfs. 8 vers 28) besondere betekenis: "Want ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is."

Die straf op die sonde is: skuld, lyde, heerskappy van die duiwel en uiteindelik die dood — tydelik en ewiglik. Hierdie straf het Jesus Christus vir elkeen wat in Hom glo, gedra. Ook vir jou... as jy maar net glo!

**Ds. F. J. du T. Lessing.**



# DIE SKYNBESLISSING

Dit is seker nie nodig om Jesus Christus aan u voor te stel nie. U weet dat Jesus Christus die Seun van die Lewende God is. Hierdie Jesus het as mens na die wêreld gekom. Hy het op die wêreld gely, is deur die wêreld gekruisig. Die rede: Hy moes sterf in ons plek. Hy moes met sy lewe boet vir die sonde van die mens. My sonde en u sonde het Hom laat vasspyker aan die kruis.

## **Ons Wins**

Maar Christus se dood was ons wins. Sy Kruisiging en sy Dood vir ons bring mee dat elkeen wat in Hom glo, nie die ewige verderf sal smaak nie, maar die ewige lewe sal beërwe! Van die ewige lewe lees ons onder andere "... daar sal geen dood meer wees nie, ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie..." (Openb. 21:4).

## **Die Ewige Keuse**

Vir die mens is daar net twee eindpunte in sy lewe — óf by Christus in die heerlike lewe óf in die ewige duisternis in ellende? Elke mens moet dus kies. U en ek ook! Jy mag nie halfslagtig kies nie — d.w.s. 'n bietjie van die een en 'n bietjie van die ander nie. Jy lewe of **vir** Christus óf **teen** Hom!

## **'n Niksseggende Keuse**

Ons weet van 'n man wat by 'n sekere geleentheid aan Christus gesê het: "Here, ek sal U volg, maar laat my eers toe om my mense by die huis te gaan groet."

Hierdie man het Christus hoor preek en is beïndruk. Na 'n gewik en geweeg besluit hy om Christus te volg. Hy het egter 'n voorwaarde. Hy wil Christus volg maar góú eers terug huis toe. Hierdie besluit is egter 'n halfslagtige besluit!

Daar by sy huis sal hy dalk vind dat daar talle dinge is wat sy aandag dringend benodig. Hy sal moontlik nie alles net so kan los nie. Hierdie man se besluit is eintlik: nóú eers huis toe! In die toekoms een of ander tyd sal hy Christus volg. Weens hierdie halfslagtige besluit antwoord Christus hom: "Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die Koninkryk van God nie."

## **En my Keuse... ?**

Maak u en ek nie dikwels net soos hierdie man as ons moet besluit oor ons ewige wel en wee nie? Ek wil Christus volg — maar later eers — as ek oud is — as ek naby my dood is — as ek alles éérs geniet het wat ek begeer het om te doen. Ja, ek wil ook eers gaan afskeid neem van so baie dingetjies in my lewe, vóór ek my kruis opneem en Christus volg.

## **Eendag is Eendag**

Ek dink miskien dit sal gaaf wees as ek ook eendag die ewige lewe saam met Christus kan binnegaan, maar nou is dit so moeilik om weg te breek van die dinge wat my aan die aarde bind. Eendag, êrens in die toekoms, is daar nog genoeg tyd om my lewe reg te kry, om godsdienstig aktief te raak.

"Here, ek sal u volg," sê ek, "maar laat my nóú éérs toe om huis toe te gaan, na my dinge toe."

Christus roep NOU: "KOM !"

Ek antwoord: "**Wag net so 'n bietjie, ek kom later !**"

As ons so sou antwoord, is ons nie geskik as volgeling van Christus nie en sal ons ook nie erfgenaam word van 'n ewige lewe in heerlijkheid nie!

Christus sê: "Wie nie vir My is nie, is teen MY!" Christus roep nou: "VOLG MY !"  
Dit mag Sy **laaste** uitnodiging **aan** MY wees.  
WAT IS JOU ANTWOORD?

**Ds. F. J. van Deventer.**

# SKULDVERGEWING

Skuldvergewing is 'n mooi woord! Jy het baie skuld — sondeskuld! Jy probeer dit dikwels wegpraat of ontken; baie daarvan durf jy nie vir jouself erken nie. Baie kan jy onder geen omstandighede ontken nie. Soms probeer jy dit verdrink in wêreldse plesier en drank of ander maniere, maar daarmee word jou skuld net meer en jou gewete nog erger beswaard. Dan besef jy dat jy alleen van die skuld van die sonde ontslae kan raak as dit jou werklik vergewe kan word.

Sonde is teen God begaan en daarom kan alleen Hy vergewe. Goddank, Hy het self die weg daartoe gebaan! Heidense godsdienste het baie planne, moderne denkers probeer 'n oplossing bied; maar as hulle nie die sonde wegpraat nie, dan sê hulle God is dood! En jy sit nog met jou skuld!

Ek lees in God se Woord dat almal wat gesondig het deur die genade van God "sonder verdienste geregverdig word deur die verlossing wat in Christus Jesus is." (Rom. 3:24). Die Skrif verwys hier na diegene wat glo dat Jesus Christus, as die Seun van God, aan die kruis gesterf het om die sondes te vergewe. Kyk wat 'n liefde! Niemand kan groter liefde as dit bewys nie!

## **Jy kan ook hieraan deel hê**

Jy kan ook deel hê aan hierdie groot liefde! Dan is jou skuld vergewe — verniet! Jesus wil jou saam met alle gelowiges bymekaar maak soos 'n hen haar kuikens. Daar is ook geen ander pad om te loop waarop jy vergewing kan verkry, as alleen deur die geloof nie. Daar is geen ander Persoon wat jou kan vergewe nie — alleen Jesus Christus as die gekruisigde Heiland. Daar is geen ander manier om rus te vind vir jou gewete en jou siel — as deur die geloof in Christus nie.

Daarom, al is jy miskien kwaad vir sekere persone in die kerk, al het die kerk jou, soos jy dink, te na gekom, weet dit: as jou sondeskuld jou pla en as jy vergewing begeer; dit is binne jou bereik deur die geloof oor Golgota heen! Jesus het vir ander gesê: "Jou sondes is vergewe." Soek Hom en Hy sal dit vir jou ook sê. Weet dat Sy liefde groot is — ook vir jou!

**Ds. C. H. Smit.**

# Gedagtes... en Gedagtes...

U wat nou hier lees, dink baie maal oor allerlei dinge. U dink oor u probleme wat soms so verwarrend kan wees dat u geen uitkomkans sien nie. U dink miskien oor die mooi ideale wat u eendag nog wil bereik, of u dink aan ideale wat u so graag wou verwesenlik, maar wat soos 'n mooi pot aan skerwe aan u voete lê. U dink miskien ook met smart en verbittering aan u kind of ander dierbare wat so onverwags en skielik gesterf het, terwyl u hom of haar so lief gehad en miskien nog so nodig gehad het, of u koester miskien gedagtes van wraak oor onreg wat 'n ander u aangedoen het.

Gedagtes, gedagtes, gedagtes! Dis egter nie u alleen wat dink nie — nie alleen u wat u gedagtes probeer uitvoer nie.

## God se gedagtes

Daar is nog Iemand wat dink. Ook Hy koester gedagtes. Ons lees daarvan in die Bybel. In die profesieë van Jesaja staan: "Want My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie My weë nie, spreek die Here." (Jesaja 55:8). In die hoë hemel woon 'n God wat dink en wat Hy dink, voer Hy ook uit.

Nou is die wonderlike van sy gedagtes die volgende: ons gedagtes het gewoonlik nie sy oorsprong uit onself nie. Dit begin altyd met iets wat ons sien, of wat met ons gebeur of wat lankal met ons gebeur het en wat weer in ons brein opkom. Heel anders is dit met God se gedagtes. Dieselfde profeet sê van God se gedagtes: "Wie het die Gees van die Here bestier en as sy raadsman Hom onderrig?" (Jesaja 40:13, 14).

Sy gedagtes word uit Homself gebore, sonder aanleiding van iets buite Hom. Sy gedagtes, uit Homself gebore, styg geweldig hoog bo ons gedagtes uit. Ons gedagtes kan soms so lelik en selfsugtig wees en ander kere mooi en edel as ons vir ander mense iets goeds bedink.

## Gedagtes van vrede

God se hoë gedagtes bedink egter altyd wat goed is. Teenoor die mens wat so diep teen Hom gesondig het, wat sy eer so aangetas het, wat sy majesteit so geskend het, koester God nog sy hoë gedagtes van vrede... so hoog dat Hy bereid was om sy eie Seun na die aarde te stuur om aan 'n vloekhout te kom hang en die straf op ons sondes, ons Godsontering, ons majesteitskennis in ons plek te dra! Watter hoë gedagtes wat Hy ook uitgevoer het by die kruis van Golgota.

Nou laat Hy vandag tot almal, ook tot u wat hier lees, sy gedagtes hoor: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee." Dit is 'n uitnodiging wat nou ook aan u gerig word! Dit is hoe God oor u dink!

Hoe kom 'n mens na Hom toe om hierdie ware rus te vind? Daarop antwoord die hele Bybel: glo en aanvaar net soos 'n klein kindjie dat hierdie uitnodiging wat kom uit God se hoë gedagtes, ook vir u geld... dat Jesus Christus waarlik vir u gesterf het.

U sal die wonder bemerk: u kwellende, lelike gedagtes sal verdwyn en u sal gevul word met wonder-heerlike gedagtes as u God se gedagtes nadink!

Wil u nie maar kom nie?

**Ds. J. C. Lessing.**